Meltwater
Outside Insight



**Publication:** SAGrain - Inside
**Title:** Die gekwantifiseerde waarde WAT GRAAN SA BIED
**Publish date:** 01 Jul 2024
**Page:** 16

**Reach:** 20927
**AVE:**R 31486.88
**Author:** Staff Reporter



# Die gekwantifiseerde waarde WAT GRAAN SA BIED

**Christiaan Vercueil,** landbou-ekonoom, Graan SA
**Richard Krige,** visevoorsitter, Graan SA

GRAAN SA IS 'N PRODUSENTE-ORGANISASIE WAT ONTSTAAN HET UIT PRODUSENTEGELEDERE. GRAANPRODUSENTE HET BESEF DAT 'N ORGANISASIE NODIG IS OM DIE BELANGE VAN DIE PRODUSENT TE BESKERM EN TE BEVORDER. GRAAN SA SE MISSIE IS OM ELKE PRODUSENT SO WINSGEWEND MOONTLIK OP DIE PLAAS TE HOU DEUR DIE MIKRO- EN MAKRO-EKONOMIESE SFERE WAARIN SAKE BEDRYF WORD TE BEÏNVLOED.

Ongeag die visie en missie van Graan SA wat duidelik gekommunikeer word, word gereeld gevra: "Wat doen Graan SA vir my?"

Graan SA is op 'n daaglikse basis besig met aksies om die produsent te bevoordeel. Sekere aksies is groter en ander kleiner, maar elkeen word aangepak met die produsent se volhoubaarheid as oogmerk. Om hierdie vraag duideliker te antwoord, is die waarde van Graan SA in enkele voorbeelde gekwantifiseer.

## Graan SA-voordeel vir 'n mielieprodusent as 'n voorbeeld

Die Graan SA-heffing op mielies vir die 2023/2024-seisoen was R4,10/ton. Teen 'n gemiddelde opbrengs van 5,7 t/ha (die oesgemiddeld in 2023/2024), is die heffing R23,37/ha. Op 'n plaas waar 1 000 ha aangeplant is, beloop die produsent se Graan SA-heffing R23 370 in totaal. Vir hierdie heffingbydrae kry die produsent die volgende voordele (slegs enkele kwantifiseerbare voorbeelde):

**DIESELRABAT**: Die dieselrabat is die enigste direkte ondersteuning wat produsente vanaf die staat ontvang. Die rabat moet deurentyd ondersteun word om te verhoed dat produsente die voordeel verloor, aangesien dit 'n direkte uitgawe vir die staat is. Die dieselrabat is R3,66/ℓ wat teruggeëis kan word op 80% van 'n produsent se verbruik.

**GRADERING VAN WITMIELIES**: In die oorspronklike graderingsregulasies word waterbeskadigde en verkleurde witmielies as defektiewe pitte gesien. Navorsing het bewys dat hierdie tipe pitte dieselfde voedingswaarde as normale pitte het. Hierdie pitte word ook meestal vir menslike verbruik gemaal, maar word teen 'n diskonto by produsente aangekoop.

Graan SA het daarin geslaag om hierdie regulasie te verander sodat waterbeskadigde en verkleurde pitte nie as defektief geklassifiseer word nie. Met ongeveer 5% van die oes wat moontlik as WM2's geklassifiseer sou word, het Graan SA se aksies rakende die herklassifisering binne die graderingsregulasies die produsent R42 750 op 'n 1 000 ha-aanplanting gespaar (gegewe 'n 5,7 t/ha-oes teen 'n R150/ton-diskonto).

**LEAF SERVICES**: Vanaf 2016 het die regering 'n gevolmagtigde aangestel wat namens die regering die gradering van graan in Suid-Afrika sou hanteer. Hierdie "diens" deur Leaf Services sou produsente deur die bank R4/ton uit die sak gejaag het vir alle graan gelewer. Graan SA het hierteen kapsie gemaak en is in 2024 steeds druk besig om hierdie diens teen

**Graan SA-heffingsfooi**

GSA GRAIN | GRAAN

'n Vriendelike herinnering om asseblief u heffingsfooi te betaal voor einde Februarie 2025.
Dankie!

**Graan SA-bankbesonderhede**

| | |
|---|---|
| Rekeninghouer: | Graan Suid-Afrika NPO |
| Bank: | FNB Bank |
| Takkode: | 230145 |
| Rekeningnommer: | 62864206430 |

Stuur asseblief bewys van betaling saam met die voltooide vorm terug na **patricia@grainsa.co.za**



Kontak u areabemarker vir enige verdere navrae:
**Christiaan Vercueil:**
**Sel: 060 550 6108 | E-pos: christiaan@grainsa.co.za**



Kontak u areabemarker vir enige verdere navrae:
**Lombard van Dyk:**
**Sel: 082 806 9401 | E-pos: lombard@grainsa.co.za**



For any enquiries, please contact your area marketer:
**Patricia Zimu:**
**Cell: 073 255 9673 | email: patricia@grainsa.co.za**



Kontak u areabemarker vir enige verdere navrae:
**Werner Vos:**
**Sel: 063 851 8178 | E-pos: werner@grainsa.co.za**



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.



**Publication:** SAGrain - Inside
**Title:** Die gekwantifiseerde waarde WAT GRAAN SA BIED
**Publish date:** 01 Jul 2024
**Page:** 17
**Reach:** 20927
**AVE:**R 31486.88
**Author:** Staff Reporter



## Invorderingsagente van Graan SA se vrywillige heffing ondersteun die winsgewendheid van die graanbedryf

**– Richard Krige**

Hoe ernstig is jy oor die toekoms van jou kliënt as jy nie die vrywillige Graan SA-heffing wil invorder nie?

Met die streekvergaderings wat in Januarie en Februarie vanjaar aangebied is, het goeie gesprekke en waardevolle interaksies met produsente plaasgevind. Notas is gemaak van die punte wat produsente ter tafel gelê het en daar word nou hieraan aandag gegee deur die verskillende spesialiswerkgroepe binne Graan SA.

Een van die punte wat telkens opduik, is die onwilligheid van verhandelingsagente om die vrywillige Graan SA-heffing in te vorder en as invorderingsagent op te tree.

Daar is verskeie redes wat deur agente voorgehou word, maar nie een wat enige meriete het nie! Die algemeenste een is dat dit die basis waarteen gekwoteer word beïnvloed en kwotasies vir verhandeling gevolglik onmededingend maak. Dit terwyl elke produsent die heffing behoort te betaal.

Graan SA se visiestelling is duidelik: "Om die mikro- en makro-ekonomiese omgewings te beïnvloed om volhoubare en winsgewende plaaslike graanproduksie en ontwikkeling moontlik te maak."

Hierdie visie word ondersteun met die nodige aksies om nie net produsente op grondvlak winsgewend te hou nie, maar ook die hele waardeketting in 'n groot mate te ondersteun. Sonder produsente sou vele mense in die waardeketting nie 'n bestaan kon voer nie. Deur die invordering van hierdie heffing, ondersteun jy eintlik ook die aktiwiteite van die waardeketting en jou eie bedrywighede.

Hoe ernstig is jy oor die bedryf, jou produsente en jou kliënte se toekoms indien jy nie die heffing invorder nie? Produsente moet help om almal te oortuig dat die graanbedryf hierdie heffings betaal en invorder tot voordeel van alle produsente en die werksaamhede van Graan SA. Dit sal tot voordeel van die hele graanbedryf wees.

Hoe ernstig is jy oor jou eie en jou kinders se toekoms indien jy dit nie betaal nie?



**Alzena Gomes,**
skakelbeampte,
Graan SA
*alzena@grainsa.co.za*

**1 GRAAN SA SE WAARDETOEVOEGING TOT 'N 1 000 HA-AANPLANTING (MIELIES).**

| | |
|---|---|
| Graan SA-heffing (R/ton) | R4,10 |
| Gemiddelde opbrengs (t/ha) | 5,7 |
| Graan SA-heffing (R/ha) | R23,37 |
| Graan SA-heffing op 1 000 ha-plaas | R23 370 |
| **Voordele op 1 000 ha-plaas** | |
| - Dieselrabat (1 000 ha x 70 ℓ/ha x R3,66/ℓ x 80% van verbruik) | R204 960 |
| - Gradering (1 000 ha x 5,7 t/ha x 5% WM2 x R150-diskonto) | R42 750 |
| - Leaf Services (1 000 ha x 5,7 t/ha x R4/ton Leaf-heffing) | R22 800 |
| - Kunsmismonitering (1 000 ha x R4 900/ha x 2%-afwyking) | R98 000 |
| **Totaal van voordele** | **R368 510** |
| **Besparing per ton** | **R118,87** |

te staan aangesien Suid-Afrika reeds 'n outonome graderingstelsel in plek het. Daar word verwys na 'n staatsgraderingsdiens in die landswette en daar sal dus nie heeltemal weggeskram kan word van hierdie diens nie. Graan SA se mikpunt is dat hierdie koste nie deur graanprodusente gedra word nie, maar deur 'n ander rolspeler in die waardeketting aangesien dit geen waarde vir produsente toevoeg nie. Sedert die 2016/2017-seisoen het Graan SA produsente reeds R635 612 140 in hierdie verband gespaar.

**KUNSMISKWALITEITMONITERING:** Tesame met die Fertilizer Association of Southern Africa (Fertasa), koördineer Graan SA jaarliks 'n kunsmiskwaliteitmoniteringsprogram waar verskillende kunsmisbronne in die winter- en somersaaigebiede getoets word om te verseker dat kunsmis binne spesifikasies geproduseer word. Volgens wet mag kunsmis 'n 2%-afwyking hê van die spesifikasies waaronder dit bemark word. Sedert die begin van hierdie projek het afwykings gemiddeld vanaf 4% na 2% gedaal. Gemiddelde kunsmiskoste in Suid-Afrika is R4 900/ha. Die 2%-verbetering in afwyking kan dan in randwaarde omgeskakel word na R98/ha en dus R98 000 op 'n 1 000 ha-aanplanting.

Benewens bogenoemde is Graan SA konstant bedrywig met nog projekte en aksies om die graanprodusent te bevoordeel om volhoubaarheid en winsgewendheid te verbeter. Die vraag om eerder te vra, is: "Hoe sou die graan- en oliesadeomgewing in Suid-Afrika gelyk het as Graan SA nie daar was nie?"

### Nog fokusareas van Graan SA

- Sojaboon- en mielieuitvoermarkte
- JSE- alternatiewe differensiaal
- Navorsing
- Kanolasaadbeskikbaarheid
- Lededispuutoplossing
- Paspoortsisteem
- Vrywaring van invoertarief op trekkerbande. ●

*Indien enige ekstra inligting benodig word, skakel asseblief die bemarker in jou streek.*


www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.